

# My posisie in God se koninkryk

Teks: Galasiërs 3:21 - 4:7 & HK Sondag 13  
Teksvers: Galasiërs 4: 7

## 1. Inleiding

In ons leerdiens vanoggend is ons by die derde preek oor die tweede persoon van die drie-eenheid. Daarom gaan ons preek vanoggend spesifiek oor die substans van Jesus Christus. Dit was dan ook een van die groot dogmatiese vraagstukke in die geskiedenis. Is Jesus werklik God soos die Vader God is. En waar laat dit dan ons wat in die woord beskryf word as Sy kinders.

Ons sien hierdie band tussen ons en Christus as 'n famielieband. En dit is juis daarom dat die vraag in Sondag 13 gevra word. As ons ons ook kinders van God is, hoekom is Christus die eniggebore Seun van God.

Uit 'n ander hoek kan ons vandag byvoorbeeld sê: "ek is 'n Afrikaner. Ek behoort aan 'n spesifieke bevolkingsgroep in hierdie land". 'n Bevolkingsgroep met sekere kulture en gebruike. En ek is ook in substans dieselfde as hierdie bevolkingsgroep. Ons is almal mense. Selfs mense uit ander bevolkingsgroepe deel hierdie kenmerk met ons. Ons is almal mense. Tog is mense ook voortdurend behep met hulle posisie in die samelewing.

Maar wat is Christus se posisie, wat dan saam met ons 'n kind van God is. En waar laat dit ons as ons vanoggend, ons wat onself as Christene beskou. Beïnvloed hierdie posisie jou identiteit enigsins? Of is dit maar net 'n bepaalde geloofsoortuiging wat jy het? Moet dit bydrae tot jou optrede in die lewe?

## 2. God uit God

God openbaar Homself aan ons in die Bybel. Een van Sy eienskappe wat die Bybel vir ons aantoon, is dat God heilig is. In Levitikus 11:44 sê God self "Ek is Heilig". Verder is die Here ook soewerein. As ons sê dat Hy soewerein is beteken dit dat al die mag aan Hom alleen behoort. Dit word ook duidelik in 1 Kronieke 29:11 vir ons gestel dat alle mag, heerlijkheid en roem en majesteit aan die Here behoort. Dit

is hoe God die Vader die skepper van hemel en aarde aan ons voorgestel word.

Aan die anderkant kry ons die skepsel. Uit ander skepsels voortgebring of Gebore. Ja, volgens Genesis 1:27 is die mens geskape na die beeld van God. Maar dit is reeds belangrik om hier te sien dat ons net na die beeld van God geskape is. Ons is nie uit God gebore nie. En dit kan nie anders wees as ons na ons sondige aard kyk nie. Omdat God in sy totale wese net goed is, is dit wat uit Hom gebore is ook in totaliteit goed. En dit is duidelik nie die eienskap van ons sondige mense nie.

Maar met Jesus Christus is dit anders. Ons sien in ons teksvers dat Christus gestuur word en uit die vrou gebore word. Met Christus praat ons dus van 'n natuurlike geboorte en nie 'n aanneem proses nie. Daarom is Christus se posisie ander. Hy is die eniggebore Seun van God. Hy is God uit God. Gebore nie gemaak nie. En daarom is Christus is Sy totaliteit God. Dit sien ons duidelik in Sy sondevrye natuur wat in die skrif aan ons geopenbaar word.

Tog blyk dit dat God 'n verhouding met die mens wil hê. Dit blyk dat God 'n vader-kind verhouding wil hê. Want ons sien reeds in Gal 4:1 dat die woord kind gebruik word. Maar hoe is dit moontlik dat ons as sondige mense, in 'n vader-kind verhouding met God sal kan staan.

## 3. Heiliging op grond van wetsonderhouding

Galasiërs 4 begin waar 'n kind en 'n slaaf gelyk gestel word. Maar vers 2 verduidelik eintlik vir ons hierdie vergelyking. Dit leer ons dat beide die slaaf en die kind dieselfde posisie het. Hulle staan beide onder die gesag van bestuurders en voogde staan. Geen goeie ouer sal sy kind wil weerhou van 'n goeie opvoeding nie. Die mense in die leefwêreld van die Galasiërs het ook nie. Daarom het welgestelde families dikwels 'n slaaf aangestel wat direk verantwoordelik was vir die

opvoeding van die kinders. Hierdie slaaf het dan as die tugmeester bekend gestaan. Hierdie tugmeester konsep werp vir ons bietjie lig op die “toesig en voogde” waarvan gepraat word in vers 2. Hierdie eerste twee verse sê dus vir ons dat beide die kind en slaaf die reëls van die voogde en bestuurders moet navolg.

Aan die einde van vers 2 sien ons reeds dat hierdie benadering nie maar eindeloos voortgaan nie. Dit duur tot op 'n tyd wat vooraf deur die vader bepaal is. Op 'n dag verander die posisie van die kind. Net soos ons en ons kinders se opleiding voltooi is op 'n dag. Dan staan hy nie meer onder die gesag van die tugmeester nie. Maar die diensknege staan steeds onder die gesag van die voogde en bestuurders in die Vader se huishouding. Tog is die kind nie meer gebind aan die voogde se gesag nie. Nou kan die kind sy opleiding gebruik om verder die huishouding verantwoordelik te bestuur. Vers 3 praat van “So was ons ook, toe ons kinders was” (Ou - Vertaling).

Hoe presies word ons van die wet losgekoop. Die antwoord hierop skemer alreeds in Gal 3:24 deur. Daar word gestel dat die wet die tugmeester na Christus is. In vers 4 word die proses van loskoop van die wet egter baie duidelik gestel. Hy stuur Sy enigste Seun om deur 'n vrou onder die wet gebore te word. Jesus Christus word dus mens. Hy word mens deur 'n vrou. Hy word onder die wet gebore soos ons almal, maar wat Jesus Christus uniek en anders as enige ander mens op aarde maak, is dat Hy nooit sondig nie. Op hierdie manier word Hy die perfekte offer om vir ons almal se sondes te betaal. Omdat God 'n regverdige God is, kan Hy nie ons sondes bloot afskryf nie. Iemand moet daarvoor betaal. Maar in Sy liefdevolle genade stuur Hy sy Seun om juis dit te doen.

God sien ons dus nou as heilig en sonder sonde. Omdat die wet volbring is. Daarom word ons steeds geheilig op grond van Wetsonderhouding. Maar die wetsonderhouding is die wetsonderhouding van Christus.

## 4. Aanneming tot kinders

Maar die genade van die Here stop ook nie hier nie. God neem ons ook nou aan tot Sy Tweedediens

kinders soos ons duidelik in ons teksvers sien. Ons is nou kinders van God. Maar God neem ons nou nie weg van die tugmeesterskap van die wet af om ons maar net te los om te doen wat ons wil nie. Nee geliefdes daarvoor is God se genade te groot. Vers 6 sê vir ons dat God die Gees van sy Seun in ons harte uitstuur. Ons lees ook van die Gees wanneer Jesus Hom oor die apostels uitstort. Hy doen dit voordat Hy opvaar na die Hemel toe. Die Gees moet hulle dan lei in hulle opdrag. Dit is die Heilige Gees. En die Heilige Gees in ons harte laat ons ook die naam van die Vader aanroep. Omdat dit ook die Gees van die Seun is, herinner dit ons gedurig aan die verlossing wat ons het in Jesus Christus. Net soos die wet ons ook aanhoudend leer dat ons verlossing nodig het, lei die Gees ons na die verlossing in Jesus Christus toe.

Daarom bevestig vers 7 weer dit vir ons baie duidelik ingeval ons dit nog nie begryp nie. Ons is kinders van God en daarom ook mede erfgename van God die almagtige Vader. En ons is hierdie kinders net deur Christus. As ons nou kinders is en Christus is God se Seun, is ons dan nou dieselfde? Nee broers en susters ons moet nie vergeet dat die teks sterk klem lê op die woord ‘aangeneem’ nie. Christus is gebore uit die Vader en daarom is Christus ook God. Maar omdat ons aangeneem is word ons nooit God nie.

Ons is ook kinders van God. Ons is vervul met die Heilige Gees. Daarom is ons nie meer verslaaf aan die sondige natuur van die wêreld nie.

## 5. Slot

As ons nou weer kyk na vraag 33 dan is dit duidelik dat daar ook in die tyd van die Galasiërs dwaalleer bestaan het. Mense het toe al gedink dat as Jesus Christus Seun van God is en ons is kinders van God dan is ons mos almal dieselfde. Maar dit is natuurlik nie waar nie. Daarom word Paulus gelei deur die Gees om die woord aangeneem duidelik in die teks te gebruik.

Deur die woord aangeneem sien ons die verskil. Jesus is natuurlik uit die God gebore. Daarom is Jesus God uit God. Jesus Christus is totaal en al God. En daarom word enige

leerstellings wat nie die Godheid van die Here Jesus Christus erken nie verwerp as dwalleer.

Maar ons as mense is nie natuurlik uit God gebore nie. Ons is geskape deur God. Daarom bly ons skepsele. Maar dit verhoed nie die Vader om in 'n Vader-kind verhouding met ons te wil staan nie. Wat wel die skeiding bring is die sonde. Maar die Here Jesus Christus kom en verlos ons uit die sonde deur met Sy eie liggaam vir ons sondes te betaal. Nou is daar niks wat in die pad staan as God die Vader ons wil aanneem nie. God die Vader neem ons dan ook aan as kinders. Maar in hierdie kindskap word ons nooit Jesus se gelyke nie. Ons word nie God nie. Maar ons volg Jesus onder leiding van die Heilige Gees. Dit is my besondere posisie in die koninkryk van God.

Amen.